Van Zylstraat 2, Posbus 205, Robertson, 6705 * Tel: (023) 626 3140 Faks: (023) 626 3268 * E-pos: sek@herberg.co.za (algemeen) * petro@herberg.co.za (bemarking)

Die Herberg Kinderhuis Nuusbrief

NOVEMBER 2015

www.herberg.co.za No. 2/2015

MTB FIETSTOER TEN BATE VAN KINDERHUIS

Die CA2CX MTB Fietstoer ten bate van Die Herberg Kinderhuis was vir die derde agtereenvolgende jaar 'n groot sukses. 25 Fietsryers het op 28 Julie by Meerendal vertrek vir die 6 dae lange toer. Ons was bevoorreg dat Minister Alan Winde dag een se roete saam gery het tot op Worcester.

Dit was die 10de keer dat die toer CA2CX plaasgevind het en die derde keer dat dit ten bate van die Herberg Kinderhuis aangebied word. Die roete het gestrek oor 695 km op van die beste bergfietsroetes tussen Kaapstad en Knysna. Die roete strek deur Worcester, Montagu, Ladismith, Calitzdorp en George tot in Knysna. Die afsluitingsfunksie van die toer, waar ook 'n veiling gehou is ten bate van die kinderhuis, het plaasgevind by die King George Hotel. Van die ryers het ook Saterdag en Sondag deelgeneem aan die Oesterfees se fietswedrenne. Die fietsryers begin as vreemdelinge vir mekaar aan die begin van die fietstoer, maar hegte vriendskapsbande word gesmee.

Dankie aan ons Borge en instansies wat bygedra het om die toer 'n sukses te maak naamlik Racepace, Namgear, Trinity Racing, Reeds, Van Loveren, Thunderchild, Spur hoofkantoor, DVHS, Fuzion Digital en Rietvallei.
'n Bedrag van R113 400.00 is ingesamel vir die kinderhuis. Indien iemand belang stel om deel te neem aan die toer vir volgende jaar kontak Petro by e-pos petro@herberg.co.za.

UITREIKAKSIES

Ons kinders wil nie net ontvang nie en doen daarom ook iets spesiaals vir ander wat dit nodig het. 'n Verskeidenheid programme by die kinderhuis bied aan kinders die geleentheid om na ander mense se behoeftes uit te reik.
Huis G se dogters het op 'n Saterdagoggend mooi kaartjies gemaak en gaan uitdeel en tyd spandeer in die Intensiewesorg Eenheid van Worcester Hospitaal se kindersaal. Dié uitreik het die kinders weereens laat besef hoe dankbaar ons moet wees vir alles wat ons uit ons Skepper se hand ontvang.

Op 9 September het die seuns van Huis D na die Pediatrie afdeling van Brewelskloof Hospitaal in Worcester uitgereik. Die seuns het self die kolwyntjies versier wat hul saamgeneem het. Dit was vir ons 'n riem onder die hart om te sien hoe die seuns teenoor die pasiëntjies opgetree het en entoesiasties vir hul stories voorgelees het. Die Herberg is beslis 'n plek waar ons lewens bou!

VAARDIGHEIDS ONTWIKKELINGS PROGRAM

Ons is in die proses om 'n handvaardigheidsprogram te implimenteer vir ons seuns met die doel om goedkoop houtwerkprodukte te vervaardig en om so vaardighede aan te leer. Die uitkoms van die program is: Hantering en gebruik van gereedskap, om 'n vaardigheid aan te leer, om die vaardigheid & veiligheid te leer wanneer met elektrisiteit gewerk word, hand- en oog